

NOTULE VAN VERGADERING VIR
RUSTENBURGBELASTINGBETALERSVERENIGING GEHOU TE
PROTEAPARK LAERSKOOL OP 25 MAART 2010 OM 18H00

1. VERWELKOMING

Johan Schoeman heet almal welkom en bedank almal vir hulle bereidwilligheid om vergadering by te woon.

2. OPENING

Mnr Francois Burger open die verrigtinge met skriflesing en gebed.

3. INLEIDING

Mnr Schoeman verduidelik kortliks waaroor die Rustenburg Belastingbetalers Vereniging gaan.

4. FORUM VERDUIDELIKING

- 4.1. Mnr Schoeman deel mee dat daar 'n kommittee gekies is met die eerste vergadering by die Stadsaal. Die enigste klagte wat opgekom het van die vorige vergadering is dat daar te min Engels gepraat word. Mnr Schoeman het verneem hoeveel Engelssprekende mense die vergadering bygewoon het, en aangesien daar nie was nie, is die vergadering meerendeels in Afrikaans gelei.
- 4.2. Na die eerste vergadering was daar met die Stadsraad onderhandel en is verskeie probleme al aangespreek. Soos die prostitute en Nigeriër probleem.
- 4.3. Daar is ook met opruimingswerk in die dorp begin. Mnr Boshoff van die Stadsraad het onderneem om RBBV van 'n skedule te voorsien van waar die werk (opruiming) sal plaasvind. Die Myne en ander instansies is ook genader deur die Stadsraad om behulpsaam te wees met opruiming vir die wêreld sokker. Daar is ook ± 300 mense aangestel vir hierdie skoonmaak proses. Die Stadsraad het ook 'n belofte afgelê dat die stad skoon gehou sal word tot 14 Desember 2010 wanneer die sokker afsluit. RBBV sal hul dus hou by die belofte.
- 4.4. Mnr Schoeman het ook versoek dat die mense, bure en familie sal nader om aan te sluit by die Vereniging, ten einde die Vereniging in staat te stel om 'n goeie basis op te bou, sou die Stadsraad nie meer in staat wees om die nodige dienste te lewer nie. Daar is ook klem gelê op die feit dat ons pro-aktief moet raak, ons kan nie die probleem aanspreek eers as alles ten duie stort nie.
- 4.5. Alle Rustenburgs moet saam staan, en met die volgende vergadering familie en vriende nooi om saam te kom. (Veral die klakouse)
- 4.6. Die gehoor het ook insette gelewer
 - 4.6.1. Die gehoor het verskeie probleme geopper, soos bv. Polisiering, skoonmaak van gebiede, onveilige gebiede soos die asgate, ens.
 - 4.6.2. Daar is ook voorgestel dat slegs mense wat lede is se klagtes aandag sal geniet, ten einde die publiek ook so te dwing om by die Vereniging aan te sluit.
 - 4.6.3. Alle inligting en kontak nommers moet in die Herald geadverteer word, en nie net op die webblad geplaas word nie, aangesien daar baie ou mense, en mense is wat nie toegang tot rekenaars het nie.
 - 4.6.4. Die mense moet ook betrokke raak, hou straatbraaie en leer jou bure ken. Staaltjie van mense wat slegs van een moord in 'n straat geweet het, maar dat daar al 3 moorde in die afgelope maand in dieselfde straat gepleeg is is vertel.
 - 4.6.5. Daar is ook 'n voorstel gewees dat die vergaderings in die onderskeie areas in die naby geleë skoolsaal gehou moet word, en dat die Raadslede ook betrek moet word. Hierop was 'n teenvoorstel dat ons die mense van Rustenburg saam moet kry en nie klein vergaderings moet hou nie, maar dat die sterkte in getalle lê.

4.6.6. Daar is ook verskeie probleme geopper, en is die publiek versoek om dit skriftelik en verkieslik met fotos en bewyse in te dien.

5. ZINNIIVILLE

Die Indiër gemeenskap het verskoning gemaak vanweë 'n begrafnis.

6. GRCFC

Mnr Johan de Klerk het die gehoor toegesprek oor die probleme wat ondervind word, en beloftes wat nie deur die Stadsraad nagekom word nie soos:

- Die belofte om 'n skedule aan die RBBV te voorsien voor die vergadering van 25/3/2010,
- Ontkenning dat die Stadsraad bankrot is, die feit dat die RBBV op die vergadering van die 10^{de} Maart met die munisipaliteit meegedeel is dat net die elektriese onderhou 189 miljoen Rand beloep maar dat hulle in totaal vir alle projekte net 24 miljoen Rand beskikbaar het staaf die stelling.
- Daar sal ook 'n klagte sentrum oopgemaak sou word wat die 15^{de} Maart in werking sou wees, die munisipaliteit sou n berig in die koerant sit met die kontak nommers. Daar was nog nie so n berig in die koerant nie.

Mnr de Klerk het ook die publiek versoek om videos en fotos te neem van alle klagtes, aangesien hulle genoegsame rekords wil opbou alvorens daar net oorgegaan word om belastinggelde terug te hou. Belasting weerhouding is op die stadium glad nie ter sprake nie.

Mnr de Klerk het ook verwys na die Wet op Beroepsveiligheid en Ongeskiktheid, Artikel 9 wat verwys na die veiligheid van die publiek en werknemers. Slaggate, mangate wat nie herstel word nie, en sypaadjies wat onbegaanbaar is, is alles onveilige toestande vir die publiek.

Daar is ook 'n punt aangeraak dat Direkteur Kotsedi van die Stadsraad bevestig het dat daar geen verkeers beamptes in die aand op diens is nie, Direkteur Kotsedi het die RBBV ook meegedeel dat die Unies weier dat hulle lede in die aande werk. Volgens Direkteur Kotsedi se die Unies dat alle nuwe Polisiebeamptes wat aangestel word in die aand kan werk. (Klagtes wat ingedien is oor daar geen beamptes in die aande op straat te sien is nie).

Laastens het Mnr De Klerk die mense versoek om alle ongeruimdhede, klagtes of enige inligting ter verbetering van ons dorp aan te meld by die RBBV.

Mnr de Klerk het die publiek ook meegedeel van die nuwe forum wat gestig is, Greater Rustenburg Citizens Forum for Change (GRCFC)(www.grcfc.co.za).

Die forum werk om die Rustenburg distrik skoon te maak van dwelm smouse, mense handelaars, prostitusie en alle kriminele elemente.

Die publiek word genooi om alle sulke aktiwiteite aan die GRCFC te rapporteer met bewyse.

Kontak nommer: 014-592 1525.

7. VERKIESING

7.1. Mnr Johan Schoeman bevestig dat daar 'n webwerf opgerig is vir klagtes (www.rbbv.co.za).

7.2. Die Beeld en Herald word ook bedank en veral Waldie van die Herald vir sy hulp en bystand.

7.3. Nadat alle bestuurlede aan die publiek voorgestel is is hulle eenparig aanvaar, en was daar slegs een nuwe nominasie en aanvaarding van Mev Bok Liebenberg – wat sal optree as vertaler wanneer hulle met Tswana mense praat. Sy is nie op die komitee nie, sy sal slegs gebruik word indien nodig.

8. AFSLUITING

Mnr Schoeman wens almal 'n veilige rit terug huis toe en die vergadering verdaag.